higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

INDUSTRIËLE ORIËNTERING N3

15 November 2022

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Onwaar
1.2 Onwaar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar
1.6 Onwaar
1.7 Onwaar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Onwaar
1.11 Waar
1.12 Waar
1.13 Waar
1.14 Waar
1.15 Waar

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 2

2.1
- Die eienaar dra al die verliese.
- Die eienaar is volledig verantwoordelik vir alle besluite en dra al die risiko's alleen.
- Die kapitaal is die bedrag wat die een eienaar bymekaar kan maak.
- Dit is moeilik om goeie werknemers te kry.
- Die grootte van die onderneming is beperk.
- Wanneer die onderneming bankrot raak, kan die eienaar se persoonlike eiendom verkoop word om die skuld af te betaal.
- Die onderneming kom tot 'n einde wanneer die eienaar sterf. (Enige 6 × 1) (6)

2.2 'n Vennootskap is 'n vereniging van persone✓ wat kontraktueel aan mekaar verbind is✓ met een gemeenskaplike mikpunt of doelwit.✓ (3)

2.3 2.3.1
- Dit het ten minste sewe aandeelhouers.
- Aandeelhouers kan slegs hulle aandele verloor as iets verkeerd loop. Dus is hulle persoonlike eiendom veilig.
- Hulle val onder die Maatskappywet en is gewoonlik maatskappye met grootskaalse produksie.
- Die aandeelhouers is slegs verantwoordelik vir die uitstaande geld vir die aandele wat hulle gekoop het en nie dié wat nog nie betaal is nie.
- Die maatskappy se naam moet die woorde 'Maatskappy Beperk' bevat.

2.3.2
- Dit het ten minste een aandeelhouer, maar daar kan nie meer as 50 wees nie.
- Aandele kan slegs aan die ander aandeelhouers verkoop word.
- Geen prospektus word aan die publiek verskaf nie.
- Geen jaarlikse vergadering word gehou nie.
- Die registrateur van maatskappye vereis nie ’n afskrif van die jaarlikse finansiële rekening nie.
- Die maatskappy het nie ’n minimum bydrae nodig om met bedrywighede te begin nie.
- Direkteure hoef nie geskrewe aanvaarding uit te reik wanneer hulle aangestel word nie.
- Die woorde 'Maatskappy Eiendoms Beperk' moet deel van die maatskappy se naam wees. (Enige 3 × 2) (6)

[15]

VRAAG 3

3.1
- Om goeie werkmoreel te skep en te handhaaf
- Om toesig te hou oor werk onder hande
- Om bevele van die bestuur op ’n doeltreffende manier uit te voer
- Om geskikte toerusting en materiale aan te beveel
- Om werkers vir bevordering voor te berei en aan te beveel
- Om behoorlike instruksies te gee
- Om werkers te kies en op te lei
- Om dissipline te handhaaf
- Om met ander afdelings saam te werk
- Om koste te sny en te beheer
- Om werkers se probleme te hanteer
- Om klein probleme met vakbonde te hanteer.

(Enige toepaslike antwoord 6 × 1) (6)

3.2
- Provinsiale tak
- Streekstak
- ’n Spesifieke afdeling
- ’n Spesifieke werkgroep
- ’n Individu (5)

3.3
3.3.1 Burokratiese
3.3.2 baie
3.3.3 Formele struktuur
3.3.4 Burokratiese (4 × 1) (4)

[15]

VRAAG 4

- Fisiologiese behoeftes / behoefte om te oorleef✓ – kos, water, warmte, rus, gesondheid✓
- Veiligheidsbehoeftes / behoefte om gemaklik te voel✓ – sekuriteit, beskerming teen enige leed✓
- Sosiale behoeftes / behoefte om aanvaar te word✓ – vriende, intieme verhoudings✓
- Agtingsbehoeftes / behoefte om gerespekteer en waardeer te voel✓ – aansien, gevoelens van bekwaamheid✓
- Selfverwesenlikingsbehoeftes✓ – bereik jou volle potensiaal, erkenning van kreatiewe prestasies, bereik persoonlike doelwitte✓ (5 × 2) **[10]**

VRAAG 5

5.1
- Onregverdige maatskappybeleide
- Interpersoonlike verhoudings
- Fisiese werktoestande
- Administratiewe praktyke
- Salaris
- Geen werksekerheid
- Slegte toesighouding
- Onvoldoende voordele (Enige 5 × 1) (5)

5.2
- Intelligensie
- Integriteit
- Getrouheid
- Regverdigheid
- Kragdadigheid
- Oordeel
- Kennis van werk
- Goedheid (Enige 7 × 1) (7)

5.3 Empatie is die vermoë✓ om jou in iemand anders se plek te verbeel✓ en dinge uit sy/haar oogpunt te beskou.✓ (3)

[15]

VRAAG 6

6.1
- In Suid-Afrika is daar 'n ernstige tekort aan geskoolde werknemers, ambagspersone en bestuurders.
- Arbeidsonderrig help mense om te weet hoe om griewe te hanteer.
- Dit help mense om te weet hoe om kontrakte te onderhandel.
- Dit help ook om die gesondheid en veiligheid by die werk te verseker deur arbeid- en menseregte toe te pas.
- Sulke onderrig help mense om die politiek en ekonomie van die land te verstaan. (5)

6.1 6.2.1 Aanvraag is die totale aantal van 'n spesifieke item✓ wat gekoop word op 'n spesifieke tyd, teen 'n gegewe prys en binne 'n spesifieke tydraamwerk.✓

6.2.2 Die aksie waardeur goedere en dienste geskep word✓ om in menslike behoeftes te voorsien.✓

6.2.3 Vry goedere is goedere waarvan daar 'n onbeperkte hoeveelheid is✓ en wat vryelik beskikbaar is, bv. lug, sand✓

6.2.4 Ekonomiese goedere is goedere waarvan daar 'n beperkte hoeveelheid is✓ en wat relatief skaars is.✓

6.2.5 Die vermoë van ekonomiese goedere en dienste✓ om in menslike behoeftes en begeertes te voorsien.✓

(5 × 2) (10)
[15]

VRAAG 7

7.1
- Stel beheermaatreëls in
- Dring aan op voltooide werk
- Motiveer werknemers en lei hulle op
- Handhaaf te alle tye orde en dissipline
- Pas die maatskappy se beleide en werkstandaarde toe
- Berei pligstate voor (6)

7.2
- Demokratiese leierskapstyl
- Outokratiese leierskapstyl
- Laissez-faire- (vrye) leierskapstyl
- Charismatiese leierskapstyl
- Affiliatiewe leierskapstyl (Enige 4 × 1) (4)

7.3
- Vrees dat die leier 'n indruk van onbekwaamheid sal vorm
- Vrees dat hulle hulle werk sal verloor
- Vrees dat hulle as onrusstokers beskou sal word
- Vrees dat hulle die toesighouer sal pla of sy/haar tyd sal mors
- Vrees dat die toesighouer nie empatie sal hê nie
- Vrees dat persoonlike sake nie tydens werksure bespreek mag word nie
- Vrees dat hulle moontlik verplig sal wees om die toesighouer se raad te volg
- Vrees dat die toesighouer moontlik onmiddellik sal optree, al wou die werknemer bloot die omstandighede rapporteer (Enige 5 × 1) (5)

[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou